

Vrydag 2 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 1:1-8

Fokusgedeelte: Handeling 1:8

Die Heilige Gees roep: Wees my getuies!

Om getuie van Jesus Christus te wees, is 'n opdrag wat nooit ophou nie. Ononderbroke moet jy as gelowige van Jesus Christus getuig, waar jy is en wat jy ook al doen. Jesus gee hierdie opdrag as Hy van sy dissipels afskeid neem voordat Hy na die hemel opvaar. Nadat Hy opgevaar het na die hemel, sal dit die grootste taak van die dissipels en van die kerk wees. Die dissipels was by Jesus toe Hy gelykenisse vertel het, wonders gedoen het, lyding verduur het, gekruisig is, begrawe is en opgestaan het uit die dood.

Jesus se afskeidswoord aan hulle is: “Julle sal krag ontvang wan-neer die Heilige Gees oor julle kom en julle My getuies wees ...” Die Heilige Gees sal hulle roep en toerus om aan ander te vertel wat hulle gesien en beleef het, beginnende in Jerusalem waar die Heilige Gees uitgestort is, maar ook verder na Judea en Samaria tot in die uithoeke van die wêreld. 'n Haas onmoontlike opdrag! 'n Handjievul gelowiges moet getuies wees, moet vertel van dit wat hulle gesien en gehoor het, tot in die uithoeke van die wêreld! Hoe kan dit? Alleen deur die krag van die Heilige Gees! Teenstand en vyandskap sal daar wees, maar deur die krag van die Heilige Gees is alles moontlik.

Die getuienis van die kerk en die getuienis van ons as gelowiges in die samelewing ontbreek dikwels. Ons is so stil, so passief, en dit terwyl die wêreld soekende is en behoefte het om die wonderlike evangelie van Jesus Christus te hoor.

Hoe 'n getuie is jy? Moet nooit die krag van die Heilige Gees onderskat nie! Wees elke dag 'n getuie van Jesus, ons Verlosser en Saligmaker.

Sing: Skrifberyming 15-1:1, 2, 3, 4

Ds. PJ (Pieter) van der Walt (Emeritus)